Postnet Suite 328
Private Bag X1
Florida Hills
1716
+27 (0)71 326 8034
VOTV@Protonmail.com
www.votvsa.org

NPC 2019/478576/08

"IN A TIME OF UNIVERSAL DECEIT, TELLING THE TRUTH IS A REVOLUTIONARY ACT" – GEORGE ORWELL

26-03-2020

Ope Brief aan die NG Kerk

Voice of the Voiceless Advocacy (VOTVA) doen voorspraak namens gemarginaliseerde seksuele minderhede, wat binne Bybelse waardes optree. Die doel is om 'n rolspeler te wees in die verwesenliking van hulle regte, soos verskans in die Suid-Afrikaanse Grondwet. Die *Handves van Regte* is 'n lys van basiese regte, wat alle mense het, bloot eenvoudig omdat hulle mense is, en dit kan nie van hulle weggeneem word nie.

VOTVA deel die besorgdheid van die NG Kerk oor die basiese waarde van respek vir mekaar, wat grootliks in ons samelewing vernietig is. Die gevolg is die skending van individue en gemeenskappe se regte. Dit is prysenswaardig dat die kerk met die saak erns gemaak het, en hom in 2013 aan die waardes, vervat in die *SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID,* verbind het. Dit is 'n edele doel om die menswaardigheid van alle mense in die breë gemeenskap te wil herstel, deur oor grense heen na mekaar toe uit te reik, en vir mekaar in liefde om te gee, soos beskryf in die *Inleiding* van *Loop Saam*.[1] Sodoende kry die liefdesgebod praktiese gestalte.

Terwyl die kerk moeite doen, om die LGBTQI+ ten alle koste te akkommodeer, faal hy egter daarin, om dieselfde vir ander seksuele minderhede te bewerkstellig. Dit is hierdie mislukking, wat dié skrywe noodsaak. In die verband het VOTVA gekies, om eers 'n hand van versoening en herstel na die kerk toe uit te reik, alvorens hy hom tot die Gelykheidshof of Die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie (SAMRK) wend.

In 'n REEKS mediaberigte en ander korrespondensie tussen 17 September 2018 en 5 Oktober 2018 is herhaaldelike uitsprake gemaak, wat onbillike diskriminasie teenoor randfigure bevorder het, hulle menswaardigheid aangetas het en die stigma jeens hulle verdiep het. Dit is in die openbare domein deur prominente en invloedryke leiersfigure, dosente en predikante binne die NG Kerk gepleeg. Die tragedie is dat hulle hulleself selfs op die *Seisoen van Menswaardigheid* beroep het, om ander van hulle menswaardigheid te beroof.

Die leser sal onthou dat die lont wat die herrie in die media laat ontplof het, 'n stelling van dr. Chris van Wyk in 'n FACEBOOK-PLASING was. Die plasing het die Moderator van die NG Kerk, ds. Nelis Janse van Rensburg geadresseer, in antwoord op dié se VERKLARING in Kerkbode. Die stelling wat dr. Van Wyk gemaak het, is:

> ***Indien jy steeds oortuig is daarvan dat seksuele oriëntasie 'n gawe van God is, sal jy pedofilie – seksuele aangetrokkenheid tot kinders – ook op soortgelyke wyse moet aanvaar***

Hierdie stelling het onder andere daartoe aanleiding gegee dat prop. Hennie Pienaar, 'n gayregte aktivis binne die strukture van die NG Kerk, dit goed gedink het, om dr. Van Wyk vir haatspraak by die SAMRK te verkla.[2]

[1] Van Wyk, C, Simpson N, (2016), *Loop Saam: Ontwikkel 'n gemeenskap van volhoubare vriendskappe,* Bybelkor.

[2] Dit is ironies dat dr Chris van Wyk die opsteller van *Loop Saam* en nog twee ander boekies oor menswaardigheid, *Maak Kontak* en *Jesus-Verhale van Menswaardigheid,* uitgegee deur Bybelkor, is. Die boekies is nie onbekend aan die NG Kerk nie. Dit was saamgestel met die doel om lidmate en gemeentes toe te rus en te bemagtig, om sodoende gestalte te gee aan die Seisoen van Menswaardigheid. Dit bring onwillekeurig die vraag oor die kwaadwilligheid van die SAMRK aanklag by 'n mens op.

Hy begin sy KLAGTE met inleidende opmerkings waarmee hy die agtergrond van sy klagte skets. Hy gaan voort om te verduidelik dat dr. Van Wyk sy verklaring in die openbaar gemaak het, dat sy ondersteuners dit ondersteun het, en dat die verklaring wyd op Facebook gedeel is, en dat daarop kommentaar gelewer is.

Daarbenewens skryf prop. Pienaar, *One of his [Dr. Van Wyk's] supporters is a so called X-Homosexual, Mr. Andre Bekker. After Van Wyk's public letter he [Mr. Bekker] wrote an OPEN LETTER to the writer of this complaint [Pienaar] in which he confess that he is a homosexual pedophile and that he was cured by God. He also suggest a comparison to homosexuality and pedophilia*.

Dit is beklaenswaardig dat prop. Pienaar steeds in 2018 neerhalend na mnr. Bekker verwys as *a so called X-Homosexual*. Dit weerspieël iets van die NG Kerk se versuim, om oor seksuele oriëntasie grense heen Ex-gays te omarm, en vir hulle plek te gee in die kerk se waardes soos deernis, sorg en respek.

Valse propaganda, dat 'n mens *Gay gebore word,* dra daartoe by dat homoseksueles, wat tot bekering kom, blootgestel word aan gays en hulle ondersteuners se liefdelose optredes, wat nie menswaardigheid bevorder nie. Dít, omdat die blote erkenning dat 'n ex-gay bestaan, sou beteken dat gays erken dat seksuele oriëntasie kan verander. Hierdeur sal hulle, hulle eie ideologie ondermyn. Tereg het iemand êrens gesê: *Demands for tolerance by one group can never justify intolerance or ridicule of another*.

Professor Diamond, verbonde aan die Departement Sielkunde van Die Universiteit van Utha, is 'n navorser wat die vloeibaarheid in seksuele en geslagsuitdrukking onder vroue en mans navors. Sy is van mening dat die feit aanvaar moet word, dat 'n mens se seksualiteit gedurende die loop van sy lewe kan verander, en sê:

> *It is time to just take the whole idea of sexuality as immutable, the born this way notion, and just come to a consensus as scientists and as legal scholars that we need to put it to rest. It's unscientific, it's unnecessary and it's unjust. It doesn't matter how we got to be this way. As a scientist, I think it's one of the most fascinating questions out there and one that I will continue to investigate. As a lesbian and a progressive, I think it's totally irrelevant and just politics.*

Waarmee die gay gemeenskap vrede moet maak, is die feit dat God by magte is, om gay mense nuwe skeppings te maak, en hulle 'n nuwe identiteit in Christus te gee, soos mnr. Bekker weliswaar van GETUIG.

Prop. Pienaar noem ook, dat *He [Mr. Bekker] also suggest a comparison to homosexuality and pedophilia*. Dit is 'n valse aantyging. Paragraaf agt van mnr. Bekker se *OPE BRIEF* aan prop. Pienaar verwys na 'n **verband** tussen homoseksualiteit en pedofilie. Hierdie verband sal weldra duidelik vir die leser uitgespel word.

Prop. Pienaar skryf voorts, *He [Dr Van Wyk] argues that it is difficult and indeed not really possible to see sexual orientation as a gift from God. Should it be considered in such a way, then, if the Church wants to be consistent it will later have to accept pedophilia as just another sexual orientation as well. It is here where he crosses the line and makes himself guilty of hate speech by making a moral comparison between same-sex relationship and pedophilia…. As you know pedophilia is considered a pathology and a criminal act.*

Dit is moeilik om in te sien hoe dr. Van Wyk se stelling, op haatspraak kan uitloop. Hou prop. Pienaar homself nie eerder op met onbillike diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie nie? Dis noodsaaklik om ook sy stelling, *As you know pedophilia is considered a pathology and a criminal act,* onder die vergrootglas te plaas.

Ongeag die Sielkundige Vereniging van Suid-Afrika se Afdeling vir Seksualiteit en Gender se VERKLARING, sou prop. Pienaar dalk anders gereageer het, as hy hom sou vergewis het van bestaande wetenskaplike bevindinge, wat 'n ander siening ondersteun.

Die algemene verstaan van seksuele oriëntasie is dat 'n volwasse persoon 'n seksuele aangetrokkenheid tot 'n ander volwassene het. Dit kan geïllustreer word aan die hand van die drie mees bekende oriëntasies.

'n Man wat aangetrokke is tot 'n vrou, word na verwys as heteroseksueel. 'n Man wat aangetrokke is tot 'n man, is homoseksueel, en 'n man wat aangetrokke is tot 'n man en 'n vrou, se oriëntasie is biseksueel.

Dit is egter nie die volle prentjie nie. Daar is navorsing wat aantoon, dat individue nie almal 'n voorkeur seksuele/romantiese aangetrokkenheid tot 'n volwasse persoon het nie. Money[3] verwys na die onderstaande moontlike ouderdomsvariasies[4], waartoe 'n persoon aangetrokke kan voel, as *Chronofilies*.

- Nepiofilie (babas / kleuters)
- Pedofilie (prepuberale kinders)
- Hebofilie (puberale kinders)
- Ephebofilie (postpuberale, seksueel-volwasse wordende adolessente)
- Teleiofilie (jong seksueel-volwasse volwassenes, tipies 20-30)
- Mesofilie (middelouderdom volwassenes, tipies 40-50)
- Gerontofilie (bejaarde volwassenes, gewoonlik 60 en ouer)

Waar daar na geslagtelike aangetrokkenheid as seksuele genderoriëntasie verwys word, word bogenoemde as seksuele ouderdomsoriëntasie voorgestel.[5] 'n Mens het dus beide 'n genderoriëntasie en 'n ouderdomsoriëntasie, en dit saam maak deel uit van 'n mens se seksuele oriëntasie.

Vir die doel van die skrywe gaan daar net op pedofilie gefokus word, en is dit nodig dat die inhoud van die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders*, vyfde uitgawe (DSM-5) bestudeer word. Dit sou prop. Pienaar gebaat het as hy dieselfde sou gedoen het. Hy sou homself van die volgende feite vergewis het.

Die DSM-5 lig die ***verband*** tussen homoseksualiteit en pedofilie uit, deurdat die geslag van die seksuele voorwerp waartoe iemand aangetrokke voel, as manlik, vroulik of beide geslagte gespesifiseer moet word, m.a.w. 'n pedofiel kan dus 'n genderoriëntasie van heteroseksueel, homoseksueel of biseksueel hê.

As voorbeeld kan 'n man se seksuele oriëntasie so daar uitsien. Die man is aangetrokke tot 'n manlike persoon en is dus homoseksueel. Die manlike persoon tot wie hy aangetrokke is, is 'n seun van 11 jaar oud (pedofilie), en is sy seksuele oriëntasie dus *homoseksuele pedofiel*.

Deur die DSM-5 se inhoud noukeurige te lees, word onthul dat daar 'n onderskeid getref word tussen 'n *pedofieliese oriëntasie* en 'n *pedofieliese afwyking*.

'n Persoon het 'n ***pedofieliese oriëntasie*** as hy bloot seksuele aangetrokke gevoelens het, maar dit veroorsaak nie vir hom wroeging of psigososiale probleme nie, en die gevoelens het ook nie tot seksuele interaksie met prepuberale kinders gelei nie. Hierdie word ***nie*** as 'n versteuring gereken nie.

'n Persoon het 'n ***pedofieliese afwyking*** wanneer hy nie seksueel aangetrokke voel tot 'n prepuberale kind nie, maar tog seksuele dade met hom pleeg, of as hy seksueel aangetrokke voel tot 'n prepuberale kind en seksueel met hom omgaan, of as hy seksueel aangetrokke voel tot 'n prepuberale kind, nie seksueel met hom verkeer nie, maar die aangetrokkenheid veroorsaak vir hom wroeging en psigososiale komplikasies.

'n Groot bohaai is gemaak oor die feit dat die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie 'n VERKLARING in 2013 uitgereik het, wat sê dat dit foutief was om pedofilie as 'n *seksuele oriëntasie* te beskryf, en dat die bewoording in die aanlynuitgawe en die volgende gedrukte uitgawes van die DSM-5 reggestel gaan word, en *seksuele belangstelling* sal lees. Wat egter op gelet moet word, is dat die bewoording nie verander moet word, omdat daar nuwe wetenskaplike feite na vore gekom het nie maar, omdat die publiek grootskaalse kapsie teen die gebruik van die woord *oriëntasie* gemaak het. Die leser word aangeraai om dr. Berlin se artikel, *Pedophilia and DSM-5: The Importance of Clearly Defining the Nature of a Pedophilic Disorder* te lees.

---

[3] Money, J. (1986). *Lovemaps: Clinical concepts of sexual/erotic health and pathology, paraphilia, and gender transposition of childhood, adolescence, and maturity.* New York, NY: Ardent Media.

[4] Hier word van Seto se indeling gebruikgemaak, Seto, M.C. (2017). The Puzzle of Male Chronophilias. *Archives of Sexual Behavior*, 46, 3-22.

[5] Seto, M.C. (2012). Is Pedophilia a Sexual Orientation? *Archives of Sexual Behavior*, 41(1), 231-236.

Om 'n verdere klip in die bos te gooi. Die feit dat die DSM-5 'n onderskeid maak tussen 'n pedofieliese oriëntasie en afwyking op grond van die feit dat 'n persoon met 'n pedofieliese oriëntasie uiting gee aan sy seksuele gevoelens al dan nie, maak logies geen sin nie. Die feit dat 'n persoon uiting sou gee aan sy gevoelens, kan nie die realiteit dat 'n persoon 'n seksuele ouderdomsoriëntasie tot 'n prepuberale kind het, verander nie. 'n Mens sou dit eerder kon sien as 'n soort van bevestiging dat hy so 'n oriëntasie het, en dat dit daartoe gelei het dat hy 'n misdaad gepleeg het. Dieselfde geld as hy wroeging of psigososiale probleme sou ervaar.

Dr. Jahnke skryf,[6] *Pedophilia, that is, a sexual attraction to prepubescent children, has drawn a lot of scientific attention in recent years. Consequently, our understanding of this particular sexual makeup has evolved rapidly. First, the idea that pedophilia may be best understood as a sexual orientation, which, akin to homo- or heterosexuality, starts early and remains stable over the course of life, is now gaining acceptance amongst the scientific community.*

Net soos 'n persoon oor die algemeen nie sy genderoriëntasie kies nie, kies hy ook nie sy ouderdomsoriëntasie, om soos in die geval van 'n pedofiel emosioneel en seksueel aangetrokke te wees tot prepuberale kinders nie. Die oorsaak van 'n pedofieliese oriëntasie is onbekend. Selfs die ontwikkeling van aangetrokkenheid tot volwassenes word nie eens verstaan nie.

Verder moet daar dringend 'n regstelling in die begrip van prop. Pienaar, die NG Kerk, publiek en selfs professionele persone plaasvind. Daar bestaan die persepsie dat pedofilie en kindermolestering sinoniem tot mekaar staan. Dit is 'n oningeligte en valse persepsie. Dr. Jahnke skryf,[7] *There is an emerging consensus among researchers that having pedophilic interests (orientation) is not synonymous with child sexual abuse or other amoral behavior. Nevertheless, misconceptions about pedophilia are highly prevalent among the general public and mental health practitioners.*

Dit kom daarop neer dat net soos daar nie gesê kan word dat alle homoseksuele persone pedofiele is nie, kan daar nie gesê word dat alle pedofiele kindermolesteerders is nie.

Navorsing toon dat 'n meerderheid mense wat seksuele oortredings met kinders of adolessente begaan, nie 'n voorkeur aangetrokkenheid tot hulle het nie, en dus nie 'n ouderdomsoriëntasie van pedofilie het nie.

'n Bekende in NG Kerk geledere is dr. Marlene Wasserman (Dr. Eve), 'n Suid-Afrikaanse kliniese seksuoloog. Sy is invloedryk en word gerespekteer op haar vakgebied, en verteenwoordig Suid-Afrika op internasionale forums.[8] Sy verduidelik *"there's still confusion on what the difference between a paedophiliac and a child sex offender is. She explained paedophilia was a sexual orientation and those with paedophilia disorders have a mental disorder in which they cannot control their urges to have sexual relations with minors.[9] The big differential between a pedophile and someone who has a pedophilic disorder is that a pedophile is very intent on not acting out sexually. Pedophiles are aware that they have what's called sexual orientation.[10]*

In die lig van die voorafgaande word die leser gevra, om in sy geestesoog drie innemende twintigjarige homoseksuele manspersone langs mekaar te sien sit. Die een is 'n pedofiel, die ander 'n teleiofiel en die laaste 'n gerontofiel. Verbeel jou hulle lees en oordink dr. Van wyk se stelling hierbo. Wat dink jy sou elkeen se verstaan van hierdie stelling wees, en hoe sou hulle daarop reageer?

---

[6] Jahnke, S, (2018), The Stigma of Pedophilia: Clinical and Forensic Implications. *European Psychologist* 23(2):144–153.
[7] Jahnke, S., Philipp, K., & Hoyer, J. (2014). Stigmatizing attitudes towards people with pedophilia and their malleability among psychotherapists in training. *Child Abuse & Neglect*, 40, 93-102.
[8] Who is Dr. Eve? https://www.dreve.co.za/who-is-dr-eve/.
Why Dr. Eve? The many facets of Dr. Eve https://www.dreve.co.za/skills-expertise/.
[9]Clinical sexologist, Dr Marlene explains the difference between a paedophiliac and a child sex offender, https://reviewonline.co.za/267431/minor-attraction-can-be-prevented-from-becoming-a-crime/
[10] Why pedophiles are different from child molesters (Dr Eve explains) http://www.capetalk.co.za/articles/261647/why-pedophiles-are-different-from-child-molesters-dr-eve-explains.

Die leser word verder aangespoor, om prop. Pienaar se optrede, en die impak wat dit op die lewens van pedofiele, en dan in die besonder ook homoseksuele pedofiele het, te evalueer. Hou in gedagte dat prop. Pienaar 'n selfverklaarde homoseksueel en gayregte aktivis is. Doen verder die evaluasie aan die hand van die waardes, vervat in die NG Kerk se *Seisoen van Menswaardigheid*.

Die inhoud van die drama, wat hom in 2018 in die media afgespeel het, moet ook teen die voorafgaande agtergrond geëvalueer word. Dit sal aan die hand van drie insidente gedoen word, alhoewel die VERKLARING van ds. Nelis Janse van Rensburg en dr. Gustav Claassen, en individue se uitlatings in mediaberigte, hier bygevoeg sou kon word.

Op 28 September 2018 word 'n PERSVERKLARING in die Kerkbode aangekondig. Dit was 'n petisie wat oënskynlik GEKOÖRDINEER was deur prof. Charlene van der Walt, dr. Nadia Marais en prof. Alphonso Groenewald, en onderteken is deur 65 teoloë. Hiervolgens het die gesprek in die NG Kerk oor verhoudings tussen mense van dieselfde geslag by 'n kruispad gekom. In die verklaring word onder andere die volgende stellings gemaak, *Daar is 'n merkbare **verontmensliking** van die ander (LGBTQI+ persone) deur van 'n vreesaangedrewe normatiewe retoriek gebruik te maak, veral wanneer **moedswillige en onverdedigbare verbande getrek word tussen selfdegeslagverhoudings, pedofilie** en bestialiteit. **Uitsprake in die media waarin instemmende volwasse verhoudings tussen mense van dieselfde geslag vergelyk word** met die **lewe-ontnemende** en **skadelike praktyke** van **pedofilie** en bestialiteit is **onverantwoordelik en bloot onaanvaarbaar***.

Hierdie uitlatings plaas pedofiele nie net alleen op die vlak van **nie-menslike wesens** nie, maar maak ook ongegronde aannames. Dit is 'n aantasting van 'n pedofiel se menswaardigheid en word sy konstitusionele reg, soos daar in Artikel 10 van die grondwet voor voorsiening gemaak word, geskend. Hierdie artikel verklaar dat almal inherente waardigheid het en die reg het om hul waardigheid gerespekteer en beskerm te hê. Dit beteken ook in wese dat almal geregtig is op gelyke respek.

Wat die ontnugterende omvang van hierdie stelings verder uitlig is die inhoud van die paragraaf wat voorafgaan. Daarin word gesê, *Ons vind dit veral vreemd omdat ons onder die indruk was dat die NG Kerk – binne die breër NG Kerkfamilie, alreeds vanaf 2013 – op reis was met die Seisoen van Menswaardigheid, wat bepaal dat alle gesprekke rakende sogenaamde "selfdegeslagsverhoudings" voortaan binne die kader van 'n aantal waardes bespreek sou word. Die gees van die seisoen sou uitdrukking vind in 'n **lewegewende woordeskat** wat betekenis sou gee aan **waardes soos deernis, sorg, respek** en 'n bereidheid **om dit wat onbekend is nie uit die staanspoor te veroordeel nie, maar om eerder met sorg te luister en om met deernis ruimte te skep vir meer om ingesluit te word***.

Hierin word die ontstellende feit beklemtoon dat die opstellers en ondertekenaars van hierdie verklaring nie pedofiele as menswaardige mense beskou nie, selfs nie hulle wat tot dieselfde geslag aangerokke is nie. Hulle word eerder as haat-objekte gekarikaturiseer, waarteen **volwasse** selfdegeslagverhoudings opgeweeg word. Hierin vind hulle genoegsame rede om pedofiele van die waardes van die *Seisoen van Menswaardigheid* uit te sluit en hulle van menswaardigheid te beroof. Die verklaring se ondersteuners weerspreek hulself dus deur presies te doen waarvan hulle ander beskuldig. Sou dit nie prysenswaardig gewees het as hulle slotopmerking ook op pedofiele van toepassing gemaak was nie. Daarin sê hulle, *Ons Seisoen van Menswaardigheid dring ons élkeen om die weerlose menslikheid van die ander te erken en te respekteer*.

Die voorafgaande tendens gaan voort wanneer dr. André Bartlett en dr. André Agenbag die inisiatief neem om 'n EPOS uit te stuur met 'n aanhangsel HOU BY WAARDES VAN SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID, VRA PREDIKANTE, en 175 predikantekolegas werf, om dit te onderteken in solidariteit met hulle. Volgens die verklaring is hulle *'n groep predikante van die NG Kerk wat hulle vereenselwig met die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid (luister, respek, liefde en omarming) en ook met die verbintenis van die Algemene Sinode van 2013 om selfdegeslagverhoudings aan die hand van hierdie waardes te hanteer.*

In skrille kontras met waarmee hulle hulleself vereenselwig, skryf hulle, *In die lig hiervan het ons met ontsteltenis kennis geneem van gesprekke op veral die sosiale media waarin* ***verhoudings van liefde en trou tussen mense van dieselfde geslag op dieselfde vlak beoordeel word as sake soos pedofilie*** *en bestialiteit. Ons* ***meen dat sulke uitsprake die onreg en diskriminasie teen persone met sefdegeslagoriëntasie verder verdiep en bevorder****. Nie* ***alleen is dit in stryd met die erkenning van persone se menswaardigheid nie****, maar volgens ons mening in stryd met die evangelie.*

Hierdie uitlatings is ’n onreg teenoor die menswaardigheid van pedofiele, ongeag hulle genderoriëntasie, en word onbillike diskriminasie teenoor hulle aangemoedig, en stigma verdiep en bevorder. Dit druis in teen Artikel 9 van die Grondwet wat gelykheid beskerm en onbillike diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie verbied. So weerspreek hulle eie optredes, hul uitlatings, *Ongeag wat die verskillende standpunte oor selfdegeslagverhoudings mag wees, meen ons dat die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid die volgende implikasies het:*

- ***Liefde:*** *dat daar gewaak word teen kwetsende uitsprake en optrede wat die waardigheid van mense in gedrang bring, en daarna gestreef word dat alle uitsprake en optrede getuig van die liefdesbeginsel;*
- ***Luister:*** *dat daar nie net oor mense gepraat word wanneer hulle lewensituasie ter sprake kom nie, maar dat hulle so ver as moontlik as gelyke gespreksgenote betrek word;*
- ***Respek:*** *dat daar met groot respek teenoor alle mense opgetree word en dit wat oor mense gesê word, sal getuig van respek vir hulle menswees;*
- ***Omarming:*** *dat daar gewaak word teen enige uitsprake en optrede wat die indruk mag wek dat mense op grond van hulle seksuele oriëntasie uitgesluit word van volle lidmaatskap van die NG Kerk.*

Ook dr. Marietjie van Loggerenberg in haar SKRYWE in Kerkbode sou goed gedoen het om die volle prentjie te skets, oor wat die DSM-5 oor pedofilie sê. As die NG Kerk se Guru wanneer dit by die sorg en berading van die gay gemeenskap kom, moes sy van beter weet, maar het dit egter anders gekies, deur die fokus misleidend en eensydig op die negatiewe aspek van pedofieliese versteuring te plaas. Sodoende pas dit haar narratief. Dit is ontstellend om te lees dat sy sê, *Ek wens ek kon sê: “Kom NG Kerk toe. Ons sal jou omvou met die liefde van die Heer.” Maar selfs ek is bang, veral as ek uitsprake en innuendo’s lees oor mense wat* ***“anders”*** *is. Soos met die pedofiel-debakel van onlangs.* Uit die konteks van haar skrywe blyk dit dat ’n pedofiel nie in haar denkraamwerk pas nie.

Kerkbode het ook nie die *pedofiel-debakel* reggestel nie, soos deur dr. Van Loggerenberg beweer word nie. Dit het eerder onder leiding van Neels Jackson, meegehelp om diepgaande skade aan pedofiele se beeld aan te rig, diskriminasie teen hulle te bevorder en hulle menswaardigheid af te takel.

VOTVA stel dit onomwonde, dat die skrywe geensins ter ondersteuning van kriminele gedrag is, of die bedoeling het om dit op enige wyse te bevorder nie. Die uitsluitlike doel is om gelykwaardige menslikheid te bevorder. Daarom moet die NG Kerk kennis neem dat hierdie bykans drie weke se openbare media-aanval, grootliks bygedra het tot ’n verdere verdieping van die stigma, wat daar reeds aan hierdie randfigure kleef. Die algemene stereotipes dat hulle gevaarlik en krimineel is, is verder versterk. Dit gee stukrag vir verdere marginalisering, isolasie, pyn, lyding, vrees en angs. Hulle word gedwing om "in die kas" te bly, wat weer daartoe aanleiding gee dat hulle nie by broodnodige professionele hulpverlening uitkom nie. Dit op sy beurt verhoog die risiko dat kinders ingedrang kan kom. Aan al hierdie is die kerk aandadig.

Onbillike diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie is aangehits en bevorder, en die waardigheid van randfigure aangetas. Hierdie liefdelose, ongrondwetlike hantering van pedofiele, skaad die beeld van die NG kerk, en behoort ’n verleentheid vir die kerk te wees, aangesien hierdie optredes indruis teen sy eie voorgestelde en aanvaarde waardes, soos vervat in die *Seisoen van Menswaardigheid*, waarmee die kerk op reis is.

Dit is VOTVA se wens dat die NG Kerk en sy leierskap eienaarskap neem, van die onreg wat pedofiele en ex-gays aangedoen is, en in die gees van die *Seisoen van Menswaardigheid* aan hulle 'n openbare verskoning aanbied in die Kerkbode sowel as die hoofstroom media, waarin dié onregte gepleeg is. Daar is ook die hoopvolle verwagting dat in dieselfde gees hierdie ongeregtigheid in die kerk reggestel, en dié voorneme aan VOTVA op skrif gestel word.

Hierdie kantoor kyk met verwagting uit na die kerk se reaksie op die skrywe, en vertrou dat dit positief sal bydra tot versoening, en die bevordering van die menswaardigheid van alle mense, en die herwinning van basiese respek vir mekaar, soos wat die kerk hom ten doel het, en op beroem.

Seën Groete

André Bekker
Hoof-uitvoerende beampte